Invicta
HOLDINGS LIMITED

Registrasienommer: 1966/002182/06
(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
Aandeelkode: IVT • ISIN: ZAE000029773
("Invicta" of "die Groep" of "die Maatskappy")

VERKORTE GROEPRESULTATE vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

>> INKOMSTE styg met 35%

>> GENORMALISEERDE VERDIENSTE PER AANDEEL styg met 14%

>> WINS VIR DIE JAAR styg met 55%

>> FINALE DIVIDEND 179 sent

>> BEDRYFSWINS styg met 47%

>> GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 31 Maart

	% verandering	2013 R'000	2012 Heraangegee R'000
Inkomste	35	**7 557 899**	5 599 464
Bedryfswins	47	**883 759**	601 081
Wins vir die jaar	55	**743 532**	478 775
Wins en omvattende inkomste vir die jaar		**770 342**	483 538
Wins toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die Maatskappy		**693 152**	455 743
Nie-beherende belang		**28 468**	23 032
Voorkeuraandeelhouers		**21 912**	–
		743 532	478 775
Uitgereikte aandele			
Geweegde gemiddeld (000e)		**72 558**	70 405
Aan die einde van die jaar (000e)		**73 409**	72 123
Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000e)		**73 125**	75 416
Wesensverdienste per aandeel (sent)	37	**885**	637
Verdienste per aandeel (sent)	48	**955**	647
Aangepaste verdienste per aandeel (sent)	14	**737**	647
Dividend per aandeel* (sent)	6	**268**	254
– Tussentyds	16	**89**	77
– Finaal	1	**179**	177

** In ooreenstemming met IAS 10 word die finale dividend van 179 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel is, nie in die jaareindresultate getoon nie.*

>> GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2013 R'000	2012 Heraangegee R'000
Aandelekapitaal en -premie	**255 160**	182 095
Voorkeuraandelekapitaal	**750 000**	–
Ander reserwes	**50 824**	36 385
Verkoopopsie op nie-beherende belang	**(380 376)**	–
Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers	**2 014 469**	1 676 751
Nie-beherende belang	**405 135**	59 321

>> GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

soos op 31 Maart

	2013 R'000	2012 Heraangegee R'000	2011 R'000
BATES			
Nie-bedryfsbates	**6 080 956**	4 658 373	4 262 675
Bedryfsbates	**6 123 855**	3 722 236	2 626 192
Totale bates	**12 204 811**	8 380 609	6 888 867
EKWITEIT EN VERPLIGTINGE			
Kapitaal en reserwes	**3 095 212**	1 954 552	1 854 849
Nie-bedryfslaste	**5 679 828**	4 298 580	3 659 362
Bedryfslaste	**3 429 711**	2 127 477	1 374 656
Totale ekwiteit en verpligtinge	**12 204 811**	8 380 609	6 888 867

>> GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN KONTANTVLOEI

vir die jaar geëindig 31 Maart

	2013 R'000	2012 Heraangegee R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**252 421**	219 774
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(2 687 696)**	(759 785)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**2 336 985**	717 363
Netto (afname) toename in kontant en kontantekwivalente	**(98 290)**	177 352
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**586 008**	408 656
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**487 718**	586 008

>> SEGMENTINLIGTING

vir die jaar geëindig 31 Maart

	Ingenieurs-verbruiks-goedere R'000	Kapitaal-toerusting R'000	Boubenodigd-hede R'000	Groep, finansiering en ander bedrywighede R'000	Totaal R'000
2013					
Segmentinkomste	**3 424 847**	**3 502 965**	**625 141**	**4 946**	**7 557 899**
Segmentbedryfswins	**390 047**	**339 338**	**38 610**	**115 764**	**883 759**
Segmentbates	**2 189 286**	**3 215 154**	**502 070**	**6 298 301**	**12 204 811**
Segmentlaste	**867 637**	**1 874 215**	**325 923**	**6 041 823**	**9 109 598**
2012 Heraangegee					
Segmentinkomste	2 742 046	2 548 888	306 771	1 759	5 599 464
Segmentbedryfswins	371 458	246 783	14 127	(31 287)	601 081
Segmentbates	1 723 928	1 556 429	191 505	4 908 747	8 380 609
Segmentlaste	510 138	1 295 827	97 602	4 522 490	6 426 057

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE

Hierdie verkorte aankondiging is die verantwoordelikheid van die direkteure en is slegs 'n opsomming van die inligting wat in die volledige aankondiging vervat is. Die volledige aankondiging is op 11 Junie 2013 op SENS beskikbaar gestel en is ook op die Groep se webwerf by www.invictaholdings.co.za beskikbaar. Kopieë van die volledige aankondiging kan ook van die maatskappy se geregistreerde kantoor by die kontakbesonderhede hieronder, gedurende sake-ure en teen geen koste nie, aangevra word. Enige beleggingsbesluit behoort op die inhoud van die volledige aankondiging wat op SENS en die Groep se webwerf gepubliseer is, gegrond te word.

>> KOMMENTAAR

MARKOORSIG

Die Groep het weer eens baie goeie resultate behaal ondanks wisselvallige markte.

Groepomset het met 35% tot R7 558 miljoen toegeneem waarvan R1 026 miljoen (18%) danksy van verkrygings afkomstig was. Bedryfswins, wat 'n eenmalige wins van R158 miljoen insluit, was 47% hoër op R884 miljoen. Met hierdie eenmalige wins uitgesluit, het die bedryfswins R726 miljoen beloop, 'n toename van 21%, wat 'n weerspieëling is van die sterk handelsprestasie in marktoestande wat druk op bruto marges en inflasionêre druk op kostes geplaas het. Verkrygings het R46 miljoen tot bedryfswins bygedra.

Wins na belasting het met 55% tot R774 miljoen gestyg. 'n Eenmalige wins het daartoe gelei dat wesensverdienste met 43% tot R642 miljoen gegroei het. Genormaliseerde verdienste per aandeel het met 14% van 647 sent tot 737 sent per aandeel gegroei. Bedryfskapitaalbestuur was uitstekend en het kontant van R732 miljoen uit bedrywighede gegenereer, 'n styging van 50% van die vorige jaar se R489 miljoen.

Die Groep het op 15 Oktober 2012 die verkryging van Kian Ann Engineering Beperk (Kian Ann) aangekondig. Kian Ann is 'n groot verspreider van onderdele vir swaar grondverskuiwingstoerusting en diesel enjins. Die maatskappy, met 'n jaarlikse omset van R1 100 miljoen, was op die Effektebeurs van Singapoer genoteer. Sy resultate word sedert die verkryging daarvan op 1 Februarie 2013 by dié van Invicta ingesluit. Die aankoopprys van Kian Ann was SGD192,6 miljoen. Hiertoe het die stigtersbestuur SGD31,16 miljoen vir 'n belang van 25% bygedra. Die res van die koopsom is deur skuld befonds.

Die verkryging van Kian Ann neem die Invicta Groep na die internasionale vlak van onderdele- verspreiding van swaar grondverskuiwingstoerusting en diesel enjins, aangesien Kian Ann aan meer as 50 lande wêreldwyd sodanige onderdele lewer. Sedert Junie 2012 het die markte wat deur Kian Ann bedien word, uitdagende handelstoestande ervaar. Dié toestande sal na verwagting op kort termyn voortduur. Van Kian Ann word slegs verwag om 'n betekenisvolle bydrae tot groepwins te lewer, soos die skuld van sy verkryging terugbetaal word.

Die Groep gaan voort om voordeel te trek uit plaaslike groeigeleenthede en het verskeie strategiese verkrygings teen 'n koste van R223 miljoen gemaak. Die beduidendste hiervan was die verkryging deur BEG van ManDirk, 'n toonaangewende verspreider van gereedskap en toerusting aan die mynbou- en nywerheidsektor.

Ten einde sy balansstaat te verstewig, het die Groep op 28 November 2012 onaflosbare voorkeuraandele ter waarde van R750 miljoen uitgereik.

VOORUITSKOUING

Invicta is 'n sterk besigheid met bewese bestuur. Dit beskik oor 'n sterk balansstaat wat sal verseker dat hy in staat is om onverwagte storms te trotseer en om beduidende groeigeleenthede te befonds soos hulle opduik. Invicta is met die verkryging van Kian Ann op koers om sy rand-verskanste bedrywighede uit te brei en sy besighede in Afrika te vergroot.

Met die oog hierop sal bestuur daarop fokus om kostes te bekamp, die Groep se naverkope- en onderdele-besigheid in Suid-Afrika uit te brei, groei te toon in die boumateriaalbedryf, in sy bedrywighede in Afrika en in die uitbouing van Kian Ann se internasionale besigheid.

Handelstoestande sal na verwagting in die komende jaar steeds uitdagend wees, maar die direksie bly vol vertroue vir die voortgesette welslae van die Groep.

DIVIDENDS

Die direksie het 'n finale bruto dividend van 179 sent per aandeel vir die jaar geëindig 31 Maart 2013 verklaar, in ooreenstemming met die dividendbeleid van 2,75 keer genormaliseerde verdienste per aandeel.

Die dividend is onderhewig aan die nuwe Dividendbelasting, wat met ingang 1 April 2012 in werking getree het. In ooreenstemming met paragrawe 11.17(a)(i) tot (x) en 11.17(c) van die JSE se Noteringsvereistes word die volgende bykomende inligting verskaf:

- Die dividend is uit inkomstereserwes verklaar;
- Die plaaslike dividendbelastingkoers is 15% (vyftien persent);
- Krediete van 179 sent per aandeel sal ten opsigte van Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) aangewend word;
- Die bruto plaaslike dividendbedrag is 179 sent per gewone aandeel vir aandeelhouers wat vrygestel is van dividendbelasting;
- Die bruto en netto plaaslike dividendbedrag is 179 sent per gewone aandeel vir aandeelhouers wat onderhewig is aan die betaling van dividendbelasting;
- Invicta Holdings het 74 862 305 uitgereikte gewone aandele (wat 1 452 920 tesourie-aandele insluit); en
- Invicta Holdings Beperk se inkomstebelasting-verwysingsnommer is 9400/012/03/6.

In voldoening aan die vereistes van Strate, is die volgende datums van toepassing:

Laaste dag om "MET" dividend te verhandel	Vrydag, 28 Junie 2013
Eerste dag om "SONDER" dividend te verhandel	Maandag, 1 Julie 2013
Rekorddatum	Vrydag, 5 Julie 2013
Betaaldatum	Maandag, 8 Julie 2013

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word van Maandag, 1 Julie 2013, tot en met Vrydag, 5 Julie 2013 nie, albei dae ingesluit.

Op las van die direksie

C Barnard — Kaapstad
Sekretaris — 11 Junie 2013

INVICTA HOLDINGS BEPERK

Geregistreerde kantoor: Invicta Holdings Beperk, 3de verdieping, Pepkor-gebou, Stellenbergweg 36, Parow Industria, 7493 • Posbus 6077, Parow Oos, 7501

Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Grondvlak, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 • Posbus 61051, Marshalltown, 2107

Direkteure: Dr CH Wiese* (Voorsitter), A Goldstone (Besturend), C Barnard, AK Masuku^#, JS Mthimunye^, DI Samuels^, LR Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters, Adv JD Wiese*

** Nie-uitvoerend* *# Plaasvervangend* *^ Onafhanklik nie-uitvoerend*

Borg: Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Bpk

BMG BEARING MAN GROUP
www.bmgworld.net

CEG
www.capitalequipmentgroup.co.za

GRAPHICULTURE